





Sitplek van Bouhout Vir Koning-Aanbidders

Nieteenstaande die feit dat daar duisende persone oor die hele land sonder huise sit omdat daar 'n tekort aan bouhout ondervind word, is die Spoorwegowerheid in Kaapstad besig om stellages van ingevoerde bouhout in die omgewing van die dokke in Kaapstad op te rig sodat nuuskieriges wat die Britse koning aanstaande jaar wil sien, vir 'n paar minute daarop kan gaan sit.

Ondersoek het aan die lig gebring dat daar talle huise in die Kaapse Skiereiland half voltooi staan omdat daar nie bouhout gevind kan word om die huise te voltooi nie. Werknemers moes afgedank word omdat daar nie vir hulle werk beskikbaar is nie as gevolg van die tekort aan hout. Die Spoorweë ondervind self moeilikheid om genoegsame hout vir sy behuisingsskemas te vind en sy arbeiders moet in krotte woon. Wanneer dit egter gaan om die besoek van 'n buitelandse vors, word alle ander belange vergeet en noodsaaklike boumateriaal nutteloos verkais ten einde die Britse koning ten toon te stel.

Boubase het meegedeel dat wanneer hulle hout vir boudoeleindes wil hê, hulle eintlik op sien vir die gesukkel en gesoebat om hout in die hande te kry. Vir die oprigting van koninklike stellages is daar egter blykbaar genoeg ingevoerde bouhout.

In Pretoria het die regering verlede week by monde van genl. Smuts op 'n perskonferensie die vermetelheid gehad om te verklaar: „Die werk om die volk van huise te voorsien,

Wetenskaplike Se Vrees Vir Vyfde Atoombom

Die Sweedse wetenskaplike Thorenblad het 'n beroep op die Amerikaanse offisier in bevel van die atoombomtoets gedoen om nie met die toets voort te gaan voordat die versekering gegee kan word dat daar geen kettingreaksie in die see sal plaasvind wat hom na alle oseane kan uitbrei wanneer die bom onder die water ontplof nie.


Hy het gesê dat op grond van navorsing sover geen waarborg gegee kan word dat die ontploffing in radioaktiewe water nie 'n reaksie-ketting sal veroorsaak nie.

WERKLOOS WEENS TEKORT AAN HOUT

Nieteenstaande die feit dat daar 'n geweldige tekort aan huise is, is daar 300 bouwakkmanne aan die Rand sonder werk. Dit moet gewyt word aan die tekort aan boumateriaal. Amptenare het verklaar dat die kwotas wat aan die boubedryf toegeken word op 'n valse berekening berus. In Johannesburg is daar so 'n tekort aan kantore dat die voedselbeheerorganisasie geen kantore in die stad kan kry nie, wat veroorsaak dat die werking van die rantsoenering vertraag, na verklaar is.

word ernstig aangepak en die regering doen alles moontlik om te verseker dat dit doeltreffend gedoen word."

ATOOMBOM BARS



'n Geweldige wolk van rook en vuur styg die lug in nadat die atoombom oor die skepe by Bikini ontplof het—„die meesste skepe wat deur 'n enkele bom nog ooit tot sink gebring en beskadig is," was die amptelike aankondiging na die proefneming. Aanstaande week word die volgende toets gedoen met 'n bom onder die water.

Amptenaar Moet Self Betaal Vir Studiereis

Mnr. C. J. J. van Rensburg van die Afdeling Grondbewaring wat tans in Amerika op toer is om die grondbewaringsmetodes in Amerika te bestudeer, het die reis op sy eie koste onderneem, na hy in 'n onderhoud in Amerika verklaar het. Hy het sy spyt uitgespreek dat hy nie toegelaat is om 'n klein deel van die £25,000 wat die regering gestem het te mag gebruik vir 'n aantal films oor grondbewaring wat aan die boere in Suid-Afrika as voorligting vertoon kon word nie.

Mnr. Van Rensburg reis volgens 'n plan opgestel deur dr. Hugh Bennett, hoof van die Verenigde State se afdeling van grondbewaring, en sal die ver naamste grondbewaringsinrigtings in Amerika besoek asook die graskwekery by Pullman waar Suid-Afrikaanse buffels en vingergras gekweek word.

GEEN SKEIDING TUSSEN VOLK EN PARLEMENT

ADJUNK-K.G. OOR EENHEID

„Dit het tyd geword dat die volk besef dat hy nie van die huidige wanbestuur ontslae kan raak deur die een party met 'n ander te vervang nie. Dit help nie om die een vir die ander te verruil nie. Jy kan alleen van die wanbestuur ontslae raak deur die huidige staatsstelsel deur 'n ander te vervang. Al wil jy onder hierdie stelsel die regering met die O.B. vervang, sal dit nog nie beter wees nie. Dit bly 'n party-parlementêre regering," het genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., verlede Donderdagaand in die Collingwoodsaal, Observatory, verklaar. Die Adjunk-K.G. het ook geantwoord op 'n artikel van Die Kruithoring oor eenheid.

Die vergadering wat deur ds. J. D. Vorster met 'n kragtige gebed geopen is, het plaasgevind onder die voorsitterskap van hfkomdt. J. de V. Truter. Nadat die vlaghysing deur twee lede van die wag waargeneem is, het die O.B.-blaasorkes opgewekte marsmusiek gespeel.

Genl. Smith het na die tekort aan lewensmiddele en algemene wanbestuur verwys en gesê dat selfs Hans van Rensburg onder

die huidige stelsel geen verbetering kan aanbring nie en net so min sal 'n D. F. Malan of 'n Havenga die land beter bestuur so lank die huidige parlementêre partystelsel toegelaat word om voort te bestaan.

GOOI OMVER

Ons is ingeskakel by 'n ekonomiese stelsel binne die Britse verband wat op sy beurt reeds verpand is. „Al manier om van die toestand ontslae te raak is deur die huidige partystelsel omver te gooi. Ons staan alleen toegewys op 'n herskepping onder 'n nuwe stelsel, die volksregeringstelsel."

„Tensy u streef na volksregering kan u nêrens kom nie en stuur die volk af op ondergang. As die O.B. praat van volksseenheid dan bedoel hy nie volksseenheid organisatories binne die Ossewabrandwag nie, en ook nie binne 'n party nie, maar op 'n partylose basis. Daar sal nooit eenheid bereik word as daar uitsluitend in plaas van insluitend te werk gegaan word nie. Die daargestelling van 'n volksfront kan sekerlik nie die O.B. of die H.N.P. of die Afrikanerparty sonder mekaar wees nie. Dit kan alleen almal saam wees."

GESKEI

Daar is baie metodes, het genl. Smith verklaar, waarlangs die volksseenheid nooit bereik sal word nie. Hy het verwys na 'n hoofartikel in Die Kruithoring van 10 Julie. Hierin verklaar die blad dat daar nie volksseenheid tot stand gebring kan word deur ooreenkomste nie. „Ek stem volkome met hulle saam. Dit kan alleen



Genl. J. A. Smith

deur die daad verkry word." Die blad verklaar verder dat daar „geen eenheid van beginsel tussen die parlementêre en die buite-parlementêre beginsel kan wees nie." Hy wil die volk en party geskeie hou. So lank hierdie toestand voortduur, het genl. Smith verklaar, kan daar ook nooit eenheid wees nie.

Voorts skryf die blad dat die Nasionale Party alleen moet sorg vir verkryging van parlementêre eenheid, deur ander organisasies se lede na hom te trek, nie om samesmeltings te kry nie, maar aansluiting — bekering van duisendes tot die Nasionale Party. Dit is 'n eenparty-staat wat hy verkondig — 'n diktatuur.

„HOU HOM BUITE"

Volgens die blad is dit die buite-parlementêre front se plig om saam te staan en die Nasionale Party as parlementêre front te steun. Met ander woorde, net in te stem in die parlement! Daar eindig dan samewerking wat die party betref. Die blad verklaar voorts dat dit nie die taak van die (Vervolg op bl. 2, kol. 3)

Kenia Kry Sy Presente Te Koop Terug

Terwyl die mense in Kenia voedselpakkies na Engeland stuur, ontvang handelaars in Nairobi soveel pakkies Britse beskuitjies dat hulle nie weet waar om dit te bêre nie. In die afgelope weke is daar soveel Britse beskuitjies ontvang dat hul store tot onder die dak geval is.

Hierdie Britse beskuitjies word vryelik aan die publiek verkoop en daar is geen koepoon voor nodig soos vir die beskuitjies wat in Kenia gemaak word nie. Daar is natuurlik 'n geweldige vraag na hierdie produk wat nie gerantsoeneer word nie en so het die Britte 'n mark vir hul meelprodukte wat hulle vervaardig uit meel wat uit die Britse dominiums ingevoer word.

Unie Koop Sak Vol Sentiment

Die Amerikaanse Skymastervliegtuig van die Suid-Afrikaanse lugdiens het weereens met sy heenreis na Londen vanaf Johannesburg getoon dat hy die Britse Avro York wat op dieselfde roete diens doen, ver in die skadu stel.

In sy jongste vlug het die Skymaster die reis tussen Johannesburg en Londen in 'n rekordtyd van 36 uur afgelê en was net 29 uur in die lug. Daar was 41 passasiers aan boord. By 'n vorige geleentheid het dieselfde vliegtuig met 38 passasiers die reis vanaf Londen na Johannesburg in 33 uur afgelê. Hy was toe altesaam 27 uur in die lug.

Die Avro York-vliegtuig, 'n Britse fabrikaat, aan wie die regering voorkeur gegee het vir sy Springbok-roete ter wille van sentiment, kan net 12 passasiers op 'n slag vervoer en neem 62 uur vir 'n reis tussen Londen en Johannesburg.

Die Suid-Afrikaanse regering

het toe daar 'n lugdiens tussen Engeland en Suid-Afrika ingestel is, voorkeur gegee aan die Britse produk, hoewel hy geweet het dat die Amerikaanse vliegtuig die beter diens lewer. Dit het egter gou geblyk dat die lugdiens van die Avro York nie aan sy doel beantwoord nie weens sy geringe spoed en klein aantal passasiers wat hy met een vlug kan vervoer. Die regering was genoodsaak om 'n ander diens saam met die Avro York in te stel, waarvoor die Skymaster nou gebruik word wat driemaal soveel passasiers in die helfte van die tyd van die Britse vliegtuig vervoer. Nieteenstaande hierdie feit hou die regering nog die Britse Avro York aan.

Kommuniste Is Verraaiers Se V.S.A.-Blad

Die punt wat beklemtoon moet word in verband met die Russiese spioenasie in Kanada, is nie dat Rusland gepoog het om die militêre geheime van 'n vriendskaplik gesinde land te steel deur die gewone metode van roof of omkoperie nie. Die informasie is aan die Russiese agente oorhandig deur Kanadese manne en vroue, Kommuniste of simpatiekesindes, skryf die Chicago Daily Tribune, een van Amerika se grootste nuusblaaie in 'n hoofartikel oor die kommunistiese gevaar.

Die persone wat die geheime aan die Russiese regering verklap het, het erken dat hulle dit aan Rusland gegee het, skryf die blad. Een van die persone wat die geheim verklap het, dr. Boyer, het geen geheim gemaak van sy motiewe nie. „Ek was begerig,” het hy gesê, „om alles te doen wat ek kon om die proses aan die Sowjet-Unie bekend te maak. Ek het aan Rose vertel watter stowwe gebruik is en die nuwe prosesse waarvoor dit gebruik is.”

TROU AAN MOSKOU

Die blad verklaar dat Boyer 'n kommunist is en gedurende sy studentejare voorsitter was van die Marxistiese klub. „Van wat hy gesê het is dit duidelik dat watter lojaliteit hy teenoor sy vaderland voel, hy sy lojaliteit teenoor die revolusionêre leerstellings hoër stel as dié teenoor sy vaderland. Hy was bereid om die vertroue wat Kanada in hom gestel het te verloor om Rusland se militêre mag te versterk.”

„Hierdie toewyding aan die mees gruwelike en tiranniese regering ter wêreld” is al jare lank bekend, skryf die blad. „Dit ly geen twyfel dat daar honderde openlike en geheime Kommuniste in hierdie land is op wie gereken kan word dat hulle met die eerste en beste geleentheid hul land sal verrai nie. Hulle is strategies geplaas in die leer, laboratoriums, die regering en in die vakunies.” Die president van die motorvakunie het verklaar dat hierdie vakunie uit 10 persent Kommuniste bestaan. „En hy kon daaraan toegevoeg het dat hulle invloed buite alle verhouding met hulle getalle is.”

DIE GEVAAR

Die blad verklaar dat diegene wat die mense se aandag op die kommunistiese gevaar gevestig het, bestempel is as skrikajaaners teen die Kommuniste. The Tribune was al die jare uitgeskel as 'n skrikajaaners teen die kommuniste. Dit is gedoen om te kenne te gee dat die Kommuniste en hul trawante geen bedreiging vir die land en die wêreld uitmaak nie; dat diegene wat gepoog het om kommunistiese praktyke en verraad aan die kaak te stel, besig was om fabels vir een of ander doel te fabriseer.

„Die nuus vanuit Kanada bewys, as daar bewyse voor nodig is, dat die kommunistiese bedreiging presies is soos dit voorgelê is. Diegene wat geprotesteer het dat militêre posisies aan Kommuniste gegee word, is heeltemal reg. Diegene wat gesê het dat die Kommuniste in die vakunies die land skade gedurende vrede- en oorlogstyd kan berokken, was volkome reg. Diegene wat gesê het dat mens 'n Kommunist nie kan vertrou nie, het gelyk gehad. Die aanklag van skrikajaanery teen die kommuniste was bedoel om die verraaiers in hulle verraad te beskerm,” besluit die blad.

„Die O.B.” INGEBINDE STELLE

Jaargang IV
(1944—45)

Die ingebinde dele (in mooi harde band) van die vierde jaargang van DIE O.B., is nou beskikbaar. Daar is net 'n beperkte aantal.

Stuur bestellings, vergesel van 18/6, aan die Bestuurder, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, KAAPSTAD.

(Vervolg van bl. 1, kol. 5)

Nasionale Party is om 'n eenheidsfront buite die parlement te verkry nie. „Die H.N.P. hou hom daarbuite.” Dus erken hy dat nie volkseenheid gesoek word nie, net party-meerderheid. Die blad lewer self die uitspraak: „Ons stel net belang in die gesamentlike ondersteuning van die Nasionale Party deur daardie buite-parlementêre front”.

„Die Nasionale Party,” verklaar genl. Smith, „hou hom dus buite die volksfront en wil alleen 'n eenheid binne die parlement wees. Die idee is dat die parlement afgeskei moet wees van die volk. Sodra hulle in die parlement is, wil hulle niks met die volk daarbuite te doen hê nie, en die volk moet niks met hulle te doen hê nie.”

As die volk net 'n klomp mense moet instem, dan kry jy dieselfde as in 1933 — sogenaamde eenheid binne die parlement, maar nie by die volk buite die parlement nie, het spreker gesê.

VOLKSBEHEER

„Wat die Ossewabrandwag betref, sê ons dat in plaas van partybeheer, ons volksbeheer wil hê. Ons wil nie partybelang hê nie maar volksbelang, nie partyverteenvoordiging of partynominasies nie, maar volksverteenvoordiging en volksnominasies of beroepsnominasies.

As jy wil hê dat die Ossewabrandwag die O.B. as organisasie in die parlement moet verteenwoordig, dan het dit geen betekenis nie. Verteenwoordiging in die parlement kan alleen sin hê as die beroepsgroepe, die boere, werkers ens. ook in die parlement verteenwoordig is,” het genl. Smith verklaar.

Onder die huidige stelsel is die party wat die meeste setels het, die beste en sy leier word die eerste minister van sy Majesteit die Koning, terwyl die een wat die minderheid het, leier van sy Majesteit se Opposisie word.

ALLE GROEPE


„Die Ossewabrandwag wil hê dat die volk tot 'n stap moet oorgaan waar alle groepe wat Suid-Afrika as hulle enigste vaderland aanvaar, nl. die Afrikanerparty, H.N.P., Nuwe Orde, O.B. en Weichardt-groep of ander organisasies 'n volksfront vorm. Elkeen van hierdie organisasies het eie belange maar seer seker ook gemeenskaplike belange. Laat ons 'n toestand skep waar dit onmoontlik is om partybelange alleen te hê. Daarom pleit ons vir 'n partylose staat waarin die mag van die Afrikanervolk lê,” het genl. Smith besluit.

Na afloop van die vergadering het die blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swane-pool die verhoor geboei deur mars- en ander musiek. Die mannekommando van A1 het van die geleentheid gebruik gemaak om fondse in te samel vir 8 Augustus deur koffie en aartappelskyfies te verkoop.

Die O.B. is die Advertensieblad van die toekoms. Gebruik sy geklassifiseerde kolomme.

Gebiedsleier Roep Op Vir 8 Augustus

Hoofgenl. F. D. du Toit van Zyl, Gebiedsleier van Gebied A (Wes-Kaapland) rig onderstaande oproep tot die Volksbeweging in verband met die viering van 8 Augustus:



Hfgenl. F. D. du Toit van Zyl.

Die stryd van 'n volk is 'n langdurige stryd vir die suksesvolle volvoering waarvan elke geslag 'n verantwoordelijkheid dra. So het die teenswoordige geslag van Afrikaners ook hul verantwoordelijkheid. Ons in die Ossewabrandwag het 'n besondere verantwoordelijkheid en ons dra dit blymoediglik. So lank ons volk nog nie volkome vryheid geniet nie, solank is ons eerste plig om ons vir daardie vryheid te beywer. Omdat ons 'n besondere betekenis heg aan die vryheidsgeslag, daarom verskil ons strydmodes van diegene wat vryheid in 'n ander lig beskou. Ons glo egter in ons ideaal en ons glo in die metodes van die stryd.

Maar om hierdie stryd voort te sit, het die O.B. die hulp van elke Brandwag nodig. Sonder u ondersteuning kan die organisasie nie aan die gang gehou

word nie. Op 8 Augustus word u dan ook weereens opgeroep tot 'n grootse poging. Ons weet u sal soos in die verlede u plig doen.

Skiereilanders Bedrywig Vir 8 Augustus

Daar heers koersagtige bedrywigheid onder die kommando's van die Kaapse Skiereiland om soveel geld as moontlik in te samel vir 8 Augustus. Geen steen word onaangeroer gelaat om alle vorige inkomste te oortref nie.

Die vrouekommando van Kaapstad-Sentraal het verlede Vrydag 'n speletjiesaad aan die huis van komdt. Geldenhuys in Parow gehou. Hier het Brandwagte 'n genoeglike aand deurgebring.

Die Boeredogters van Goodwood hou op 19 Julie 'n funksie in die Goodwoodsaal. Dit neem die vorm aan van 'n pakkiesaad. Elke dame bring 'n pakkie en die mans sal dit koop. Daar word ook volkspele gehou.

Op Donderdag, 25 Julie, hou die Seepuntse vrouekommando 'n buffet-ete aan die huis van hskomdt. J. Truter, in Torbeyweg, Groenpunt.

Met die doel om geld in te samel vir Fondsag bedien die vrouekommando van Wynberg op 31 Julie 'n ete in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou, terwyl die manne en vrouekommando's van Wynberg op 3 Augustus vanaf 2 uur in die agtermiddag 'n Afrikanerdag in die Kerkzaal, Wynberg, hou. Verskeie sprekers sal optree.

VERMY DIE WET EN BAK PANNEKOEK VIR O.B.-DAG

Waar daar 'n lastige verbod op die verkoop van gebak is, kan O.B.-vroue wat geld vir 8 Augustus wil insamel, gebruik maak van onderstaande resep vir pannekoeke sonder dat hulle die hand van die gereg hoef te vrees. Daar die bestanddeel bokwiet-meel is, val dit nie onder die verbod op verkoop van koringprodukte nie.

BOKWIET-PANNEKOEK

5 pd. Bokwiet-meel.
3 dos. eiers.
2 desertlepel bakpoeier.
1 pd. botter.
Smelt die botter in warm water. Gooi bakpoeier by meel en gooi meel in gesmelte botter. Gooi geklitste eiers en sout by. Verdun tot slap deel met water en bak in warm vet.

5 pd. Bokwiet-meel is gelyk aan 10 pd. witmeel. Koek op die gewone manier hiervan gebak word net met meer smeer, b.v. 3 koppies meel vir 1½ koppie botter.

VERKRYGBAAR

Hierdie meel kan vir O.B.-dag-funksies gebruik word. Dit kan bestel word van asst.-hskomdt. mev. B. M. Gibson, Rietvlei, Marquard, O.V.S., teen 3/- per 5 pd.-sakkie, posvry. Slegs 5 pd. meel sal aan 'n kommando gestuur word. Kodonommer van kommando moet die bestelling vergesel. Kommando's van alle Gebiede kan bestellings plaas. Geen korrespondensie kan gevoer word nie en geld

moet bestellings vergesel.

Kommando's wat in hul omgewings bokwiet kan kry moet dit self in die hande probeer kry en laat maal.

Bostaande voorsiening is slegs gemaak vir Kommando's waar dit onverkrygbaar is.

GEESDRIF HERLEEF IN BURGERSDORP

Die kommando's van Burgersdorp, Venterstad en Molteno toon na die reorganisasie nuwe lewenskrag. Brandwagte is besonder ywerig vir die insameling van fondse vir 8 Augustus.

Op die Kommandoraad wat onlangs op bevel van genl. J. Duvenage vergader het, is komdt. J. V. Coetzee aanbeveel as hoofkomdt. vir die afdeling Venterstad-Burgersdorp en gedeelte van Molteno. Jeugkomdt. Willie van Rooy tree voortaan op as kommandant, terwyl mnr. J. Jordaan aangestel is as Jeugkommandant.

Offisiere Aangewys Op Tulbagh

Onder voorsitterskap van hfgenl. P. R. Retief het die offisiere van Generaalskap A8 op 5 deser te Tulbagh byeengekom met die doel om 'n generaal volgens die reorganisasieplan aan te wys.

Die Organiserende Stafhoof, hoofkommandant S. Kamffer, het die reorganisasieplan verduidelik en het nadruk gelê op die kommandorade. Spr. het verklaar dat die kommandorade die bolwerk van die Beweging is en dat die verantwoordelijkheid van die kommandobedrywigheid nie net in die toekoms sal berus op die kommandant en kommandante nie, maar op die kommandoraad wat nou as bestuursliggaam daargestel is.

Genl. A. J. van Zyl het die offisiere toegesprek en verklaar dat hy dankbaar is vir die getroue ondersteuning wat hy van hulle ontvang het. Weens sy veelvuldige werksaamhede is dit vir hom egter onmoontlik om weer as generaal op te tree, maar waar moontlik sal hy nog

altid sy steun gee en soos 'n getroue brandwag optree.

Hierna is genl. Retief deur die offisiere aanbeveel as generaal in die plek van genl. Van Zyl. Die Organiserende stafhoof het hom geluggewens met die aanbeveling, waarna die Generaal die woord gevoer en gesê het dat hy die taak wat aan hom opgedra is met graagte aanvaar en die offisiere verseker dat hy hulle nie sal teleurstel nie. Hy verwag egter dat elke offisier in die Generaalskap hul plig sal doen om sodoende al die betrokke offisiere se take te vergemaklik.

As Assistent-hoofkommandant het die Generaal mev. P. R. Retief aangewys, as Hoofkommandant mnr. J. J. van Blommestein en as waarnemende Hoofkommandant in die plek van hskomdt. C. J. Mönnig, mnr. J. B. Zulch. As Boerejeugkommandant en kommandante is aangewys mnr. en mev. P. Cillie van Die Eiland, Ceres.


Britte Sal Nou Ry In Duitse Volkswagen

Die Duitse Volkswagen, 'n motor waarmee die Duitse regering gehoop het om alle Duitsers in die geleentheid te stel om 'n motor te besit en waarmee die Britte die spot gedryf het, word tans deur hulle aangeprys en vervaardig. Hulle verklaar dat hierdie motor 'n moontlike rewolusie op die gebied van ligte motors teweeg kan bring.

Na ses maande van voortdurende gebruik van die motors, meen die Britse deskundiges dat die motors 'n wonderwerk is. Dit kos slegs £65 en het 'n ligte staa-raam en 'n viersilinder masjien aan die agterkant.

Die motor loop maklik teen 'n snelheid van 55 tot 65 myl per uur. Die petrolverbruik op lang afstande is meer as 35 myl per gelling.

Oudste Brandwag Verjaar



Die kommando van Lindley het onlangs die verjaardag van hul oudste Brandwag, oom Dirk Coetzee herdenk. Oom Dirk wat reeds 81 jaar oud is, ry nog dikwels met sy perd na Lindley en terug. Meegaande foto is geneem van oom Dirk met sy kinders en kleinkinders op sy verjaardag.

Ons Eie Was Waardig — Die Huidige Klugtig

Vrystaat

„In die Republiek van die Oranje-Vrystaat was daar geen partye, geen swepe, slegs een gekose komitee (dié van finansies) en geen beperking van die lengte van die toesprake nie,” skryf Arthur Barlow in sy blad in verband met herinneringe uit sy jong dae. „Die reëlings van die voorsitter was onveranderbaar, selfs fel. Daar is geen tussenwerpsels of oor en weer gepraat toegelaat nie.

„Afrikaans was die taal waarin die besprekings plaasgevind het. Al die lede moes manlike en swart broeke dra en het gemiddeld £60 per jaar ontvang. Hulle het hard en aanhoudend gewerk. Baie het honderde myle ver met kar en perde gereis om die sittings by te woon. Daar was ook geen leeskamer, rookkamer, biljardkamer, of kroeg nie. Daar was ook geen teekamer of nagsittings nie. En die Volksraad van die Oranje-Vrystaat was moontlik die waardigste wetgewende liggaam ter wêreld.”

Transvaal

In 'n boekie oor 'n onderhoud wat hy met wyle dr. W. J. Leyds, staatssekretaris van die Transvaalse Republiek, gehad het, het Kees van Hoek o.a. die volgende oor die ou Volksraadslede opgeteken uit die mond van hierdie Hollander wat in so 'n noue verband met die Krugerbewind gestaan het:

„Hulle was gebore wetgewers en het al hul kragte aan die taak gewy. Tussen die volksraadsittings in gaan hulle in die distrikte rond waar hulle aan hul kiesafdelings die wette verduidelik.

„Die Raadslede was baie op hul waardigheid gesteld. Na al die afgelope jare, waarin ek so baie parlemente bygewoon het, gee ek die ou Republiek se Raadslede die pluimpie vir parlementêre decorum. Met hul imponerende baarde, altyd in swart gekleed met 'n wit das, en met 'n voorsitter wie se wil onbetwis was, het hulle geweet hoe om nie slegs orde nie, maar die waardigheid self te bewaar. Die Volksraad het in werklikheid na die Senaat van die volk gelyk, en dit is 'n kompliment wat 'n mens nie aan baie verteenwoordigende vergaderings vandag kan maak nie.”

„VREEMD”

In 'n onlangse uitgawe van Die Transvaal, skryf 'n medewerker as volg oor die Unieparlement:

„Wat my as vreemd voorkom, is dat . . . die Serjeant-at-Arms (daar is geen Afrikaanse vertaling hiervoor nie), mnr. Hennie Dempers, nog altyd in die Volksraad verskyn in die wildvreemdste mondering. Mnr. Dempers word verplig om as volg gekleed dag in dag uit in die Volksraadsaal te sit: 'n swart swaeltstert-baadje met kant aan die moue en die kraag; 'n kort broek onderkant die knieë vasgespes en met swart sykouse en lakskoene en silwer-gespes daarop; wit handskoene en 'n swaard aan sy sy. Met die Speakerstaf oor sy regterskouer stap hy elke dag by die opening van 'n sitting voor die Speaker uit nadat hy sy koms aangekondig het.

(Die Unieparlement is natuurlik 'n ingevoerde Britse stelsel. — Red.)

TREKGOED VIR VREDE NOG MAAR DEURMEKAAR

Die voorlopige besprekings vir die vredeskongres tussen die ministers van buitelandse sake het verlede Vrydag ten einde geloop sonder dat daar finaliteit oor die vredesverdrae met Duitsland of Oostenryk bereik is. Die besprekings is deur die Russiese minister Molotof verongeluk.

Rusland eis £2,500,000,000 van Duitsland as herstelbetaling. Die vraag wat die Geallieerdes hulle self afvra is of Duitsland in staat sal wees om dit te betaal. Daar word gemeen as Duitsland se industrie weer in volle werking is, hy in staat sal wees om £5,000 miljoen aan die Geallieerdes te betaal. Op die oomblik kos dit Engeland £80 miljoen per jaar om sy besette deel van Duitsland te bestuur, het Bevin gesê.

Die eis van Rusland is sterk teengestaan deur Byrnes. Hy het verklaar dat Rusland reeds £3,500 miljoen van Duitsland ontvang het deur die oordrag van Silesia en Koningsberg.

Ten opsigte van Italië is die kwessie van herstelbetaling ook nog onopgelos.

Die Vredeskongres begin op 29 Julie in Parys.

Magsmisbruik Kan Op Eie Kop Terugkom

Na aanleiding van die besluit van die Britse Laerhuis om „fascistiese” groepe nie deur middel van wetgewing in die ban te doen nie, skryf die Natal Witness dat hierdie besluit van die Britse regering die weg wat gevolg moet word, aandui. Hy ondersteun die mening deur 'n lid van die Britse regering uitgesprek dat dit nie onmoontlik is nie dat daar 'n omgeswaai by 'n verkiesing kan kom en dat so 'n wet dan op die party wat die wet gemaak het, toegepas kan word.


As die partye of organisasies in die algemene terme aangedui word as partye wat sekere leerstellings verkondig, of as partye wat sekere doelstellinge beoog, sal dit 'n trotsering wees vir die vernuf van enige regsgeleerde om 'n wet van verbanning op so 'n manier op te stel dat dit alleen betrekking sal hê op die partye wat bedoel is, en nie op ander teen wie geen optrede beoog is nie.

As 'n regering teen enige politieke organisasie optree wat hy as gevaarlik beskou, dan het ons ons hele konstitusionele stelsel in die ban gedoen en 'n diktatuur daargestel. Die blad skryf dat alleen binnelandse wantoestande en 'n staat van

oorlog dergelyke optrede regverdig.

Daar is net twee maniere om politieke organisasies in die ban te doen. Die een is om 'n party met 'n monopolie in die lewe te roep en al die ander te verbied. Dit is die Sowjet- en die Nazi-metode, aldus die blad. Die ander metode is om die lede van die betrokke organisasie te belet om aan enige politieke bedrywigheid deel te neem. Dit is die metode wat deur die Geallieerdes in Duitsland toegepas is. So 'n metode, skryf die blad kan beswaarlik in Engeland of in Suid-Afrika toegepas word. Dit bied geen waarborg dat daar later ander partye met dieselfde doelstellings sal ver-ris nie.

WAARDE VIR GELD



Smaak

..... een van die mees gevoeligste sintule van die mens. Wat u smaak nou ook al mag wees, selfs die kleinste sal hier tevredeheid vind EN DIT WORD GEWAARBORG!! Plaas 'n bestelling en oortuig u self.

PRYSLYS:

	Per bottel in kassies van 12 bottel.	Per gelling in 5 gelling vaatjies.
WYNE:		
Spesiaal Soet	2/6	11/-
Rooi en Wit Jeripiko	1/9	8/6
Rooi en Wit Malmsey	1/9	8/6
Rooi en Wit Muskadel	1/8	8/-
Soet Port	1/8	8/-
Port, Pontak, Worcester Hoek en Spesiale		
Sjerrie	1/7	7/6
Goue Sjerrie (Droog)	1/6	7/-
On Bruin Sjerrie	2/3	10/6
„Cocktail”	4/-	—
Vermouth (Droog en Soet)	2/9	—

DROE WYNE:		
Burgandy (Rooi)	1/9	—
Riesling en Droë Wit	1/6	—

FONKELWYNE:		
Grand Spumante	10/-	—
Grande Splendore	7/6	—

BRANDWYNE:		
Eureka	8/6	—
A. I.	8/-	—
Boegoe	7/6	—

LIKEURE:		
Peperment	7/-	—
Kersie, van der Hum, Gemmer en Anys	6/6	—

JENEWEERS:		
Droë, Lemoen en Suurlemoen	7/6	—

MOSKONFYT:		
(Nie-Alkoholies)	1/6	(7/-
* Net in 4 gel. blikke.		

VOORWAARDES:— Voeg by 20/- per vaatjie of 5/- per kassie met bottels en blik. Deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers spoorvrag betaal.

Stig u bestelling aan:—

**VERKOOPS-AFDELING (D)
Excelsior Wynmakery
VLAKTEPLAAS-STASIE**

WIE KAN HOM HELP?

Jong man, in diens van 'n meubelfabriek, wat besigheid wil begin, vra of daar nie Brandwagte is wat gewillig is om hom £200 te leen vir vyf jaar. Meld rente verlang.

Waarborg: Lewenspolis £150, uitkeer met winste, vier jaar vol betaal. Eerlikheid!

Skryf aan: „Korporaal”, Posbus 28, Stellenbosch. 5183-2

TOT U DIENS . . .

Geldenhuis Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng).

ALGEMENE HANDELAAR

en

PRODUKTE-KOPER

S. J. KRYNAUW

vir

Kruideniersware teen die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.


H/v. Garcia- en Nuwestraat.

Foon 68 Bus 54

BEAUFORT-WES.

R. W. van Ryn

BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilframe, asook raamlose modelle.

ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

**Volg u voor-
ouers se raad
en gebruik**


BOEGOESALF

om u van lastige

Verkoes, Hoes, Ru-

matiek, Winterhande,

ens., te bevry



BOEGOESALF

Die Oorspronklike P-HAU-SALF

Verkrygbaar by u Apteker of Winkelier

HANDELSNAVRAE: P-HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.

Security-Gebou, Beursplein, Posbus 3180, KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 17 JULIE 1946

Byt Die Weerloses !

Die deportasiekommissie het 'n vraelys aan Duitsers in die Unie gestuur waaruit blykbaar afgelei moet word hoe on-Suid-Afrikaans en dus verjaagbaar die betrokke Duitsers is. As die vrae in die genoemde lys moet dien as grondslag vir deportasie, dan is dit nodig dat diegene wat nog met 'n Neurenberg-gees behep is, die volle konsekwensies in gedagte moet hou. Die Natal Witness het kort gelede gewaarsku dat maatreëls wat vandag deur die een party toegepas word teen 'n ander, by 'n verandering van regering moontlik op daardie party self toegepas kan word. Voorbeelde het 'n neiging om te trek!

Die punt waarop afgedryf word is blykbaar of 'n Duitser in die Unie hom vereenselwig het met Duitsland en sy leiers. Duitsland bestaan nie meer nie, en wanneer daar nou ingegaan word op die houding van Duitsers teenoor die voorheen bestaande Duitsland, kan dit nie gedoen word met die oog op beveiliging van die staat nie — dit is reeds tydens en 'n jaar na die oorlog gedoen deur die Duitsers vir ses jaar lank onverhoord agter doringdraad op te sluit. Die enigste dryfveer vir so 'n ondersoek moet wees wraakuitoefening. Die Duitsers moet gestraf word vir hul verbondenheid aan 'n staat op wie Suid-Afrika sonder provokasie oorlog verklaar het.

Die vraag kom dan op waarom Suid-Afrika oorlog verklaar het; was dit omdat hy in bondgenootskap was met Pole? Dan moet hy onmiddellik Rusland die oorlog aansê, want dié sit vandag met die helfte van Pole. Nee, die oorlog is Duitsland aangesê omdat Engeland dit gedoen het, en Suid-Afrika het dit gedoen eenvoudig omdat daar mense in Suid-Afrika aan bewind was wat groter trou aan Engeland verskuldig voel as aan Suid-Afrika.

GROTER GEVAAR

As Duitse afstammelinge dan gestraf moet word omdat hulle met Duitsland gesimpatiseer het, dan moet daardie straf ook toegepas word op ander Unie-burgers wat in dieselfde gees ten opsigte van 'n buitelandse moondheid gehandel het. En daar bestaan veel meer rede om dit teenoor verstokte Britse Jingo's te doen omdat hierdie uitlewering van Suid-Afrika aan 'n vreemde moondheid se belange nie met die oorlog geëindig het soos in die geval van die Duitsers nie. Engeland bestaan nog, al is dit maar as derderangse moondheid, en hoe laer hy in rang val, hoe groter sal die inspanning van hierdie Jingo's wees om Suid-Afrika vir Brittanje se behoud op te offer.

Die vraag word aan die Duitsers gestel of hulle op enige tydskop na Adolf Hitler opgesien het as 'n leier. Ons laat die koning, vir wie se aangapers daar stelliasies in Kaapstad gebou word ten koste van Spoorwegwerkers se huise, maar ter syde. Ons weet wel dat 'n redakteur van 'n Suid-Afrikaanse koerant deur 'n Unie-burger sommer ontslaan is toe hy voor die uitbrek van die oorlog 'n aanval op Neville Chamberlain, Britse eerste minister, gedoen het. As die een se buitelandse trou strafbaar is met deportasie, dan is die ander ook.

Daar word aan die Duitsers gevra of hulle ooit lid was van organisasies waar Nazi-kentekens gepryk, Nazi-liedere gesing en Siegheils gegee is. As hierdie uitinge teenoor dinge en mense wat was, vandag nog strafbaar is — waarom was dit nie voor die oorlog nie? — dan is dit tog minstens net so 'n oortreding om aan 'n Sons of England-organisasie te behoort, die Britse volkslied nie net te sing nie, maar dit selfs in die kele van ander Unie-burgers af te werk en om skaars voedsel as lofbetuigings teenoor Brittanje uit te voer — wat tog baie tasbaarder is as 'n blote siegheil!

En so kan daar met die hele vraelys aangehou word.

EN KAMERAAD STALIN?

Maar die Britte is nie die enigste sondebokke wat met groter billikheid in die Duitsers se beskuldigde-hok gedruk kan word as wat die Britte die seun van 'n Duitse „oorloghisdadiger" in sy siek vader se plek wou stoot nie. Daar is Jode wat trou verskuldig is aan organisasies en leiers wat niks meer van Suid-Afrika weet as dat hy goud produseer nie. Hierdie lojaliteit is, danksy die Smuts-voorbeeld in die toekoms ook strafbaar.

En is dit nodig om na die kommuniste in Suid-Afrika te verwys wat luid en openlik hul trou betuig aan die leiers en politiek van Rusland? Hierdie mense sing die Moskouse volkslied, hys die rooi vlag van die Kremlin, hef die gebalde vuus van Russiese revolusie omhoog as 'n „siegheil" en verkondig die lof en grootheid van Stalin in woord en beeld.

Maar hulle pleeg geen misdaad nie! En hulle hoef nie deporteer te word nie, want hulle kan mos nie, want hulle was mos nog nooit Russiese onderdane wat natuurlikerwys 'n gevoel vir hul voormalige vaderland oorhou nie! En wat meer is, kameraad Stalin sal mos ook nie sy vyfde kolonne terug ontvang voordat hul belangrike taak in Suid-Afrika afgehandel is nie.

En omdat daar dus niks aan hierdie „verraaiers", soos 'n Amerikaanse blad hulle noem, gedoen kan word nie, koel dus maar jou wraak op Duitsers wat geen vaderland meer het nie — omdat hul Suid-Afrikaanse burgerskap hul met wetgewing ontnem is en hul voormalige vaderland met bomvragte platgeslaan is. Dit is kordaat. Dit is demokrasie.

SAMEWERKING OF OORGAWE?

Die begeerte tot samewerking, wat diep in die harte van alle Afrikaners bly leef, het jongstede op Ladismith (Kaap) tot openbaring gekom.

Elders in hierdie uitgawe publiseer ons die verslag van samesprekings wat tussen lede van die H.N.P. en lede van die O.B. plaasgevind het. Die O.B.-kommandant het die verslag aan Die O.B. gestuur, terwyl die H.N.P.-organiseerder 'n enerser verslag aan Die Burger gestuur het.

Na aanleiding van die gebeurte op Ladismith het Die Burger in sy hoofkolomme enige samewerking met die O.B.-organisasie verwerp. Die blad verklaar dat samewerking alleen verkry kan word indien O.B.-lede tot die H.N.P. toetree. In 'n kortsigtige poging om rekrute vir die H.N.P. te werf, diep Die Burger allerhande kunsmatige twispunte op teen die O.B. Hierdeur bevorder die blad vanselfsprekend nie samewerking nie. Intendeel, hy blaas die stryd aan.

NET AANSLUIT

Die woorde van hoofkomdt. Hofmeyr dat ons die verlede moet vergeet beteken vir Die Burger eenvoudig net dat die O.B.-lede by die H.N. Party moet gaan aansluit. Niks meer nie. Dat dit ook kan beteken dat die H.N.P.-leiding sy berugte uitkopbevel moet herroep en dat die stryd teen die O.B. gestaak moet word, sien Die Burger glad nie raak nie.

Probeerslag Vir Samewerking

Nasionaliste en O.B. van Ladismith se Saamwerk-poging

LADISMITH. — Op die plaas van mnr. J. de Wit, Grootrivier, het 'n samespreking plaasgevind tussen Nasionaliste en O.B.'s van Ladismith.

Die vergadering het eenparig mnr. J. H. Hofmeyr gekies tot voorsitter.

Hy het in 'n kort maar kragtige woord die doel van die vergadering uiteengesit.

In die krisistye waarin ons nou lewe moet ons die verlede vergeet en saamwerk om ons volk se heil te bewerk. Die alternatief is algehele verswelling. In Ladismith het ons dit baie nodig en die vergadering moet 'n voorbeeld aan die land stel. Vertroue wek en dit moet die basis van die samespreking vorm.

Mnr. J. Bruwer het gesê dat hy graag die voorsitter heelhartig steun en van sy kant af kan hy die vergadering die versekering gee dat die drang na samewerking ook onder die Nasionaliste vaardig is.

Nadat mnr. J. F. Oosthuizen, mnr. J. Roux, mev. J. de Wit, mev. J. Klopper, mnr. P. Barnardt, mnr. Stassen e.a. aan die bespreking deelgeneem het, is die volgende voorstel voor die vergadering gelê deur mnr. J. Roux en met wysigings deur mnr. J. F. Oosthuizen geseondeer en daarna algemeen aangeneem:

Die O.B. en Nasionaliste, elk behoudende sy eie identiteit, gaan lokaal saamwerk met die H.N.P.-funksie, 13 Julie, en tot na die O.B.-funksie waarna ons weer bymekaar sal kom om sake te bespreek. Dit geskied slegs by wyse van 'n toets om te sien of samewerking moontlik is.

Hoofkomdt. Hofmeyr se verdere woorde dat ons moet saamwerk om ons volk se heil te bewerk, begroet Die Burger met die skeptiese vraag of „enige ander vorm van samewerking (behalwe aansluiting by die H.N.P.) en insonderheid die soort deur dr. J. F. J. van Rensburg en sy eerste luitenant bepleit, nie tot groter vervreemding en verwarring onder nasionaalgesindes sal lei nie."

Hierdie hardkoppige eis van aansluiting by die party (met die berugte uitkopbevel in werking) saboteer nie alleen die Ladismithse samewerking-poging nie, maar dit staan in die pad van alle samewerking.

Maar Die Burger gaan nog verder in sy poging om samewerking in die kiem te smoor. Die blad haal selfs weer sy ou diktatuur-storie van die rak af. Noudat die volk samewerking vra omdat die alternatief vir hom algehele verswelling is, weier Die Burger samewerking op grond daarvan dat die O.B. na 'n diktatuur sou strewe. En dit doen Die Burger nadat die O.B. en sy leiers reeds herhaaldelik in die openbaar hierdie beskuldiging met veragting verwerp het en dit as onwaar aan die kaak gestel het.

OORGAWE

Met die plasing van hierdie artikel het die H.N.P. vir die soveelste maal sy standpunt onderstreep: Die party wil nie met die O.B.-organisasie saamwerk nie. Hy eis intendeel kapitulasie van die O.B. Hy is bereid om O.B.-lede as partylede te ontvang mits sodanige lede eers uit die O.B.-organisasie bedank. Dis die samewerking wat die H.N.P.-leiding aanbied!

Hierteenoor staan die O.B.-standpunt van 'n Volksfront van samewerkende volksgroepe, elk met behoud van sy eie identiteit. In so 'n Volksfront eis die O.B. vir homself geen setels nie.

Die voorlopige samewerking wat tans op Ladismith op die proef gestel word, word deur die betrokke groepe as 'n toets vir blywende samewerking beskou.

Vir ons skyn dit of die toets vir die poging eers na die proeftyd sal aanbreek: Sal die plaaslike H.N.P.-leiding in staat wees om voet by stuk te hou vir samewerking in die aangesig van hul hoofleiding se onverbiddelike teenstand?

NOG NIE £3 NIE

Honderd-en-twintig duisend Indiese onderwysers in Indië het besluit om 'n week lank te staak in 'n poging om hulle salarisse tot £3 per maand vermeerder te kry. Hulle is onderwysers in die laerskole van Bengale.

UITVOER NA V.S.A.

Suid-Afrika staan nou sewende op die lys van die tien grootste uitvoerlande na die Verenigde State van Amerika. Voor die oorlog was die uitvoer van die Unie na Amerika maar van weinig betekenis maar dit het gedurende die oorlog aansienlik toegeneem. Ons voertans handelsware ter waarde van £39,000,000 per jaar na Amerika uit. Dit is baie meer as wat gedurende die oorlog die geval was. In 1937 het die Unie nie op die lys voorgekom nie, en Brittanje wat toe derde van bo af was, staan vandag laaste op die lys.

OPROEP



Die waarnemende hoofvrou van Gebied A, hrfkomdt. S. S. Voigt, doen onderstaande oproep vir 8 Augustus tot die vroue van hierdie gebied:

„Ek wil graag 'n beroep op die vroue van Gebied A doen om weer soos voorheen 'n reusesukses van Fondsdag te maak. Die Afrikanervrou het nog nooit haar plig versuim en teruggeedeins waar haar diens nodig was nie. Sy sal ook nou haar volk na die beste van haar vermoë dien. Op 8 Augustus sal Afrikanerharte en Afrikanerkragte weer saamgesnoer word in 'n hegte band van eenheid."

Kennisgewing

AAN INTEKENARE EN ADVERTEERDERS

Aangesien die Advertensie- en Sirkulasie-afdelings van „Die O.B." na Stellenbosch oorgeplaas is, word intekenare en adverteerders vriendelik versoek om asseblief voortaan alle korrespondensie in verband met intekening en advertensies na POSBUS 28, STELLENBOSCH, te adresseer.

Die Hoofkantoor van Voorslag (Edms.) Bpk., bly nog te Groote Kerkgebou 703, Kaapstad, gevestig.

Ontwerpers van Rooi Lus Geflous

Teenoorgestelde Uitwerking

Kort gelede is aangekondig dat die rooi lussie voortaan 'n blywende deel van die Suid-Afrikaanse uniform sal uitmaak. In Afrikaanse kringe is dit vertolk as 'n uittarting van regeeringskant omdat dit by sy invoering soveel tweespalt veroorsaak het. Dit is indertyd allerwêre aanvaar as 'n sigbare teken van loyaliteit aan die Britse saak.

In die praktyk het die rooi lus egter 'n heeltemal ander betekenis aangeneem, sodat indien die regering meen om 'n aansluiting te verewig, hy die bal totaal mis slaan. Teruggekeerde soldate sien daarin vandag heeltemal iets anders.

Die rooi lussie het nadat die Suid-Afrikaanse soldate in die Noorde met die Britse tommie in aanraking gekom het, vir hulle 'n teken van Afrikaanse nasionalisme geword omdat hulle, nadat hulle die Britse tommies leer ken het, niks met hulle te doen wou hê nie. Dit was nie slegs die geval met Afrikaanssprekende soldate nie, maar ook Engelssprekendes.

Soldate wat voor die oorlog 'n hoë bewondering vir Engeland gekoester het, wou nadat hulle die Britte leer ken het, niks anders as Afrikaners wees nie. Engelssprekende soldate het wanneer hulle in aanraking met soldate van Australië en Amerika gekom het, Afrikaans gepraat om hulle te onderskei van die Britse soldate. Hulle wou nie meer Britte wees nie maar Afrikaners.

Gedurende die oorlog het die Engelssprekende en die Afrikaanssprekende soldaat mekaar beter leer ken en geleer om mekaar te verstaan op 'n Suid-Afrikaanse grondslag.

Waar hierdie soldate met troepe van ander Dominiums in aanraking gekom het, het hulle 'n sterk saamhorigheidsgevoel ontwikkel en die Engelssprekende soldaat het gevoel dat hy nader aan die Afrikaner staan as aan die Britse tommie.

O.B.-Beleid In Boekvorm

Vir geruime tyd het daar 'n behoefte bestaan aan 'n meer volledige en samevattende werk oor die Ossewabrandwag se beleid as wat tot sover beskikbaar gestel is. In die jongste tyd veral is daar baie navraag deur belangstellendes van buite gedoen na die politieke beginsels van die Beweging. Om daardie behoefte te voorsien, het die voorligtingsafdeling so pas 'n boekie die lig laat sien waarin 'n breedvoerige uiteensetting van die O.B.-beleid gegee word sowel ten opsigte van sy eind-ideaal as sy onmiddellike oogmerke in verband met 'n parlementêre volksfront.

Die tien beleidspunte, soos dit in 1943 deur die Grootraad opgestel is, vorm die grondslag van die uiteensetting, met taamlik breedvoerige motivering. Dit beslaan ongeveer drie-kwart van die boekie se inhoud. Die res word gewy aan 'n verdieping van die O.B. se arbeidsfront, sy parlementêre front, die organisasievorm en ten slotte 'n hoofstuk oor die ontstaan van die Beweging en sy stryd gedurende die oorlogsjare.

Ons wil hierdie boekie by elke lid van die O.B. ten sterkste aanbeveel. Ons het 'n stadium bereik waar dit nou nodig geword het om met alle mag na buite uit te breek, en die wêreld wag daarop.

Die boekie kos 1s. stuk as dit by die kantoor gehaal of in pakke gestuur word. Vir enkele eksemplare oor die pos moet 3d. posgeld bygereken word.

Engelssprekende soldate het verklaar dat toe hulle by die leër aangesluit het, hulle geen Afrikaans geken het nie, maar dat hulle baie gou Afrikaans in die leër geleer praat het. Hulle het besef dat hulle maar net een vaderland het, Suid-Afrika.

In dié omstandighede het die rooi lussie 'n simbool van nasionalisme geword wat die Engelssprekende soldaat steeds aan sy Suid-Afrikanerskap sal bly herinner.

UITGESTEL

Die Laertrek van Gebied B, wat by Boesmansriviermond tussen 16 en 25 Julie sou plaasvind, is weens onvoorsiene omstandighede vir 'n onbeperkte tyd uitgestel.

ETE VIR O.B.-DAG

Die aantal gaste wat verlede Donderdag deur die vrouekommando van Steenberg in die O.B. Vriendskapsentrum, Kaapstad, bedien is, was so groot in getal dat hulle nie almal kon bedien nie. Lank voor die etensuur verstreke was, was die voorraad kos gedaen. Die mooi bedrag wat ingesamel is, word in die O.B.-dag-fonds gestort.

Rugby op Sondag

Die Transvaalse rugby-unie het die besluit dat 'n nie-amptelike voetbalwedstryd op Sondag, 4 Augustus, tussen Transvaal en Noord-Rhodesië afgespeel word, goedgekeur.

Met die doel om 'n wedstryd op Sondag te speel sal daar 'n aantal ekstra spelers met die Transvaalse span wat Saterdag 3 Augustus, teen Noord-Rhodesië op Bulawayo speel, meegaan. Mnr. H. B. Sanderson, voorsitter van die unie, het verklaar dat daar genoeg spelers gevind sal word wat bereid sal wees om op Sondag te speel.

Hy het die verteenwoordigers van die pers versoek om nie hierdie nuus in die koerante te publiseer nie.

VRAELYS WAT VERBANNING MOET BEPAAL

'n Vraelys wat opgestel is deur die Deportatiekommissie wat moet bepaal watter Duitsers verban moet word, is nou aan die persone wat in aanmerking kom, gestuur.

Die eerste reeks vrae het betrekking op Duitsers wat nog nooit genaturaliseer was nie, die ander het betrekking op genaturaliseerde Duitsers. Van die 20 vrae wat aan hulle gestel word, word o.a. aan hulle gevra

Uit Die Week se Nuus

SMUTS NA VREDESKONFERENSIE: Die Eerste Minister, veldm. J. C. Smuts sal nie persoonlik by die opening van die vredeskongres wat op 29 Julie in Parys begin teenwoordig wees nie. Hy sal na verneem word eers gedurende die tweede helfte van Augustus na Europa vertrek om die kongres by te woon.

DUITSERS MOET TRAP: Die Russiese owerheid in Oostenryk het opdrag gegee dat alle Duitsers in die Russies-beheerde gebied van Oostenryk die land onmiddellik moet verlaat en na die Frans-beheerde gebied van Duitsland vertrek. Die bevel tref ongeveer 54,000 Duitsers. Hulle mag nie meer as 30 pond bagasie saamneem nie. Die bevel, wat verlede week uitgereik is, is onmiddellik van krag.

VALBYL RAAK SOEK: Die teregstelling van Duitse „oorlogsmisdadigers" in die Franse besettingsgebied van Duitsland is tydelik vertraag omdat die valbyl op geheimsinnige wyse verdwyn het. Opdrag is aan 'n Duitse firma gegee om 'n nuwe valbyl te maak.

GROOTSTE STEDE VAN UNIE: Die voorlopige sensusopgawe van Pretoria, Durban, Johannesburg en Kaapstad toon 'n groot vermeerdering in die bevolking van die stede. Johannesburg staan nog bo aan die lys met 'n bevolking van 632,000 van wie 319,000 blankes is. Die totale bevolking van die Kaapse Skiereiland is 510,000 van wie 234,000 blankes is. Die bevolking van Durban en Pretoria is 357,000 en 313,000 onderskeidelik.

ALWEER SPIOENASIE?: Die voorsitter van die Huis van Verteenwoordigers se komitee van ondersoek na ondermynende bedrywighede in Amerika het verlede week verklaar dat die veiligheid van die V.S.A. bedreig word deur „ondermynende onderhandelings" tussen we-

NUWE TYDSKRIF

Die eerste uitgawe van Kern, 'n maandelikse tydskrif in Afrikaans, het so pas sy verskynning gemaak. Dit bevat 'n groot verskeidenheid van leesstof en interessante gegewens wat oorgeneem is uit ander tydskrifte en koerante.

Die tydskrif wat onder redaksie van dr. Willie Pienaar en André Groenewald staan, sal in 'n bestaande behoefte voorsien. Daar bestaan vandag so 'n groot verskeidenheid publikasies dat die gewone man met al sy daaglikse bedrywighede, nie die geleentheid het om al hierdie interessante artikels onder die oë te kry nie. Met die verskynning van hierdie blad word dit vir hom moontlik gemaak.

tenskaplikes wat in die atoombomfabriek werk en sekere uitlandse groepe. Die komitee wat ses maande lank ondersoek ingestel het, het verklaar dat hulle gevind het dat daar ondermynende onderhandelings tussen tegnici en mense buite die V.S.A. aan die gang is. Niemand is direk beskuldig nie.

UITVOER NA AMERIKA: Die Uitvoerraad vir bederfbare vrugte het 'n ooreenkoms met die American-South Africa-redery aangegaan vir die uitvoer van vrugte na Amerika. Die ooreenkoms is aangegaan vir 5 jaar en tree op 1 Januarie a.s. in werking.

VAT DIT SOMMER: Byna 'n ton uranium-erts (die grondstof waaruit die atoombom vervaardig word) is deur die Britte in die puin van 'n Krupp-fabriek in Duitsland ontdek. Die Engelse het hierop beslag gelê en dit na Brittanje verskeep.

FUNKSIES

PAKKIESAAND

Die Boerejeug van Goodwood hou Vrydag, 19 Julie, 'n pakkiesaan in die Goodwoodsaal. Daar sal ook volkspele gehou en verversings verkoop word. Die verrigtinge begin om 7.30 nm.

Jeugoffisier Oorlede

Dit was vir die Aughrabies-veldkornetskap 'n groot skok toe deur die dood van ons weg-geneem is op 15 Junie, sers. Jacobus Johannes Theron, na 'n smartlike lyding van 15 dae, in die ouderdom van 40 jaar 7 maande. Hy is begrawe onder blyke van groot belangstelling. 'n Erewag van 30 mans by die kerkhof en 'n stoet van 400 mense het die laaste eer aan hom bewys. Die O.B.-vaandel was oor die kis.

Die hele kommando simpatiseer met die agterblywende eggenote en twee kindertjies. — (Renosterkopjeug.)

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS

Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.



**DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD
IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.**

LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY
UITNEEMENDHEID — U VOOREBEEI VIR DIE STRYD DEUR MID-
DEL VAN SY MODERNSTE EN EENVODIGSTE TUISSTUDIE-
KURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!

Knp hierdie advertense uit en pos dit dadelik.

NAAM

ADRES

Kwalifikasies (Standaard Geslaag)

Kursus waarin u belangstel

(Standards VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Bantoe-
stiek, Boekhou, Sekretariatskursus, Joernalistiek, Ken u Motorkar,
Landbou, Bantoele, Taalboud, ens.)

Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg

LEES HIER !!

**Boerewors! Waatlemoen-
konfyt! Pampoenkoek!!
Aandete!!! Hoofkomdt.
Loubser!!!!**

Dit alles en nog wat word aan-
gebied by 'n Gesellige Aand
wat op

**Vrydag, 19 Julie,
om 6 n.m.**

in die Stadsaal gehou word deur
die Robertson-Vrouekommando.

Alle Brandwagte en ander Afri-
kaners van omliggende distrikte
word hartlik uitgenooi om
teenwoordig te wees.

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik
weekliks, maandeliks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

Dameshoede...

VIR WELKE GELEENTHEID
OOK AL, U KRY VER-
SKEIDENHEID BY

Steyns

DIE MODEWINKEL
PAROW

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van

Kelder- en

Besproeiingsmasjinerie
Rm 10 — HUGENOOT, K.P.

Lees Hier !!

„Die O.B.” se geklassifiseerde kolomne geniet al meer aandag en tevrede adverteerders oor die hele land verwittig die adverteensie-bestuurder gedurig van die uitstekende reaksies wat hulle op hul geklassifiseerde advertensies kry. Brandwagte, „Die O.B.” is reeds die oudsblad van die nuwe tyd vir u geklassifiseerde advertensies. Probeer een keer en oortuig u self. U bereik tienduizende lesers oor die lengte en breedte van Suid-Afrika.

CARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.

Algemeen bekende Kennisgewings: (Verloving, huwelik, geboorte, sterfverval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir behalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing. Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 4 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiebestellings en intekengeld aan: **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 28, Stellenbosch.

GEBOORTE

DU PLESSIS. — Ons dank die Here vir 'n dogtertjie, gebore op die 29ste Junie. — Hoofkommandant en mev. H. du Plessis, Siloam, Louis Trichardt. 5191

VERLOWING

DU PLESSIS — GOOSENS: Judie, personeel van Riebeck Hoërskool, Kaapstad, oudste dogter van prof. en mev. Goosens, Potchefstroom en ds. S. J. du Plessis, Port Elizabeth. 17/7/B

HUWELIK

FERREIRA — RHEEDER: Ons twee, Dottie, jongste kind van mev. A. Rheeder en wyle mnr. Ben Rheeder, Friedesheim, Odendaalsrus, en Petrus, enigste kind van mev. Gertruida Ferreira en wyle mnr. Soon Ferreira, van Lubbespruit, Steynsrus, wil aan familie en belangstellendes bekend maak dat ons trou (D.V.), 24 Aug. 11 v.m. in N.G. Kerk, Kroonstad. Geen kaartjies. Telegramme Paviljoen Kafee.

VAN DER WALT — MULLER: Alle familie en vriende word vriendelik uitgenooi na die huwelik van Louis en Bessie in die Ned. Geref. Kerk, Sutherland, Saterdag, 27 Julie 1946 om 10-uur voormiddag en na die onthalt in die Kerkzaal na die huweliksbevestiging.

Vir partytjies, resepsies, diens, probeer die Kaapstadse Afrikaanse Koffiebus (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groot Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, bontlike en doeltreffende diens.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

S.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENTWERKE (EIEENS.) BEPERK (Jannie Cillie, Besturende Direkteur). VOORTREKKERWEG — MAITLAND. Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

GELUKWENSING

RICHTER. — Hartlik geluk Jan. Hoop volgende verjaarsdag vier jy tuis. Ouers en Adrie. 17-7-B

BELANGRIK VIR DAMES

NAAMASJENMOTORS: Dames ons bied te koop aan 'n uitstekende motor wat met enige soort naamasjien, Singer ingesluit, gebruik kan word. Prys slegs 95/-. Maak naalwerk 'n plesier. SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. Telegramme: Sparslater. 17/7/2

DAMES wil u graag jonk lyk en aantreklik wees? Skryf aan: „LU-CILLE,” p/a mnr. S. C. Müller, Derksenstraat 17, PAARL. LET WEL: Navrae sal slegs oor pos beantwoord word. 17/7/2/B

BETREKING VAKANT

BOEREJEUHOOFKWARTIER. — Tikster/kantoor-assistente. Moet by tye volle verantwoordelikeheid van kantoor kan aanvaar. Kennis of ondervinding Boerejuewerk aanbeveling. Verstrek bekendstellingsbrief van Hoofkommandant of Generaal en meld ouderdom, kodenommer, salaris verlang en wanneer dienste aanvaar kan word. Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom. 5194-2

„KALAHARI MEK” soek iemand wat sy manuskripte kan korrigeer in perfekte Afrikaans. Skryf: Kalahari-bande, Upington. 5195

BOME, PLANTE EN SAAD

HERHOLDT se JUBILEUM PERSE. — Die gevierde „Kersies Elberta”, profyt-bringer vir die vrugteboer; genotvol in die hulleboord. Voorkom teleurstelling. Plaas u bestellings nou vir ons beroemde swaardraende Vrugtebome. ROSE van bekooilike prag in kleurryke sorteringe. Pryslys te kry. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

Mooi gesonde Tafel- en King George-Moere, gemeng. Beide verkrygbaar teen 30/- per sak. Om Julie te plant. Gelewer Mosselbaai-stasie. K.M.B. — JOHANNES TERBLANCHE, Bus 75, Mosselbaai. 10/7/3/B

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Wantlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies; Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/- — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ½ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waantlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-, Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

Voorkom die vernietiging van u kosbare boord deur u Vrugtebome hierdie winter te spuit met **HERHOLDT SE HORTOIL**, die mees ekonomiese en sekerste dood vir alle Skaalpeste, Rooi Spinnekoppe en Australiese Wolluise, ens. 1 gel. Hortoil maak 35 gels. spuitstof. 9/6 per gel.; 4 gels. teen 35/-; 45-gelling dromme teen 7/6 per gelling. Kontant met bestelling. **HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE**, Posbus 660, Johannesburg. (b)

GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde klierse werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

BLY JONK. — GRYSHAARWONDER. Die nuutste wereldwonder teen grysheid waarborg herstel van grysheid vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: **BOEREJEUHOOFKWARTIER**, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heuplyk en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens. aan: **ANDREWS SE PYNPLEISTERS**, Posbus 775, Pretoria.

GEMENG

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabriekse en ander masjinerie word onderneem deur **GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE**, Wynestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

ELEKTRIESE WARE. — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

KONTRAKTEUR EN ALGEMENE HANDELAAR. — D. S. du Toit, Armoed, Oudtshoorn. — Kontrakteur: Dors-, ploeg- en skraapwerk met moderne masjinerie. — Algemene Handelaar: Lusernnaad, lusernhoof, heuning, amandels, ens. — Navrae: Enige Karoo-produk verwelkom.

OOSTELIKE WINKELS. — Besoek ons by eie nuwe perseel. B/v Adderley en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

TRANSPORTDIENS. — Indien u moet verhuis, raadpleeg ons vir die vervoer van u meubels. Ons doen alle soorte karweilwerk en staan bekend vir flinke transportdiens. Foon 989501. J. A. MARAIS, Alexandraweg 115, Parow.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Badens, Septiese Tenks, Pylare, Vloerteëls, Voertreë. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

PLUIMVEE

PUK KUIKENS. — Australorps, Leghorns en kruis teen 16 per 100, K.B.A. of K.M.B. Enige hoeveelheid, onmiddellike aflewering. Broeiplek teen 15/- per 100. H. R. MALAN, Pk. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 26/6/V

PLUIMVEE. — Era Pluimveeplaas bied aan: Opregte B.W.D. en Tifusvry Dagoud R.I.R. en W.L. Kuikens, teen 16 per 100. Beperkte hoeveelhede teen 110 per honderd. 25 jaar ondervinding. — E. R. ADCOCK, Bus 1134, Pretoria. 3/7/4/B

4 OPREGTE Amerikaanse Brons Baby Reef Kalkoennammetjies van ingevoerde bloed, 7 maande oud. Prys 50/- stuk. K.M.B. Stuur hok na Bethalstasie en tjeek aan S. VAN RENSBURG, Bus 55, HENDRINA. Tvl. 5192

MISSTOWWE

KAROO-KRAALMIS. — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, as nie minder as 10 ton neem word nie. K.M.B. gelewer Middleton-stasie. — T. C. NEL, Golden Valley. 5177-6

RU SUIWER KAROO-KRAALMIS 14/- per ton. Kontant. V.O.S. Middleton. — T. C. NEL, Golden Valley. 5185/6

KAROO KRAALMIS MEEL: Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen 11/17/6 per ton, of 11/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen 12 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 55307K

BOEREJEU- GENERAALSKAP A1.

Op SATERDAG, 20 JULIE,

om 8 uur n.m.
word 'n

Boerejeug-Inlywingsplegtigheid in die Ebenhazersaal, Maitland gehou.

Die Adjunk-Kommandant-Generaal, Generaal J. A. Smith, neem die plegtigheid waar en tree as spreker op.

Alle Offisiere en Brandwagte word uitgenooi om teenwoordig te wees.

5196

MEUBELS

PETRA-MEUBELS BPK. — Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Klaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprijs. — Navrae: **ONS BOERE-MEUBELWINKEL**, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie,” Tel. 136.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIEENS.) BPK. en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaan 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

TE KOOP

BOTTELSKEIE teen 3/6; vierkantige koppe teen 4/6; draaghoute 5/- een; muilswingels 5/6 een trek; donkie-swingels 5/-. Geen K.B.A. KOOS BOTHA, p/s. Serpentine, GEORGE. 5184-4

BOKWIETMEEL: 3/- vir 5-lbs. sakke. Maak pannekoek vir 8 Augustus. B. M. GIBSON, RIETVLEI. 5193

BRANDHOUT. — Blokke van 12 dm. lank; gekloof 112-10-0, ongekloof 111-10-0 per trok met 5 stapels. Langlengtes 110-10-0 per trok gepak van 5 tot 6 vt. hoog. Gelewer V.O.S. Wolseley. Skryf aan mnr. L. J. BIELDT, Meulestraat, WOLSELEY, Foon 24. 5173-5

BULLE: Melkras Afrikaanbulle, 2½ jaar oud. Geregistreer en gebrand, suiwel geteel vir 70 jaar. Geteel in die berge. Bekwaam. £25 tot £50. A. L. BEKKER, Klipheuwels, STEENSBURG. 17/7/4/B

COLEMAN LANTERNS 300 Kerskrag, verbeterde model, 58/- elk. Generators 5/2. Skerms 7/3 per dosyn. Tilley Skerms 5/3 per dosyn. Aladdin skerms 2/8 elk. Ekstra per pos. Ons het omtrent alle Coleman, Tilly en Aladdin spaarparte in voorraad. — SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. Telegramme: „Sparslater,” 10/7/2/B

GRASSNIERS: 12 duim snit komplete met graskassie. Vervaardig in Brittanje en ten volle gewaarborg. Prys 92/6. SLATERS, Northstraat, Oos-Londen. Telegramme: Sparslater. 17/7/2

WINDLAAIERS: 6 volt Super De Luxe model; 110-10-0; 12 Volt Heavy Duty 225 watts, £21; 32 Volt 500 watt, £38; 6 Volt Dinamo-ankers 47/6; Watermeters 5/-; Batteryskille 1/10 per paar. Posvry. SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. Telegramme: „Sparslater,” 10/7/4/B

PERDEKAR in eerste klas toestand, nuut geveer, met motorverre, teverdenheid gewaarborg. Stegs £20-10-0. Asook 'n paar swaar tuie, nog in goeie werkende toestand, sonder tooms teen £4-15-0. C. F. NEL, Karino. 71130/3/B

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Elk waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 323, BETHLEHEM.

TE KOOP GEVRA

SAAL. — Tweedehandse of nuwe „Mexican Cowboy”-saal (groot grootte) goeie toestand. Meld besonderhede en prys. D. NEL, Kromhoek, Halcyondrif, MACLEAR. 17/7/2/B

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

MOTORS

CHEVROLET 1½ ton vragmotor met tent-kap vir toer of Strand, ook syplanke vir grond of misry. So goed as nuut. Bande nuut. £250. P. J. GUNTER, Sonskyn, VILLIERSDORP. Telefoon 54. 5190-B

WYNE

VYF GELLING Muscadell-likur £3 12s. 6d.; anker £3 17s. 6d.; 5 gelling Rooi Wit Muscadell, Jeripigo of Beate Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 8 gelling Rooi Soet Muscadell £2; anker £2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hoek Soet 8d.; 5 gelling Half-soet Muscadell £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bon nivale-stasie. Vaatjies moet teruggelewer word. — J. C. JONKER, Wettevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIE VALE, K.P.

In Rigting van Toenadering?

Tensy daar 'n sterk verskil van mening in die H.N.P.-leiding oor die vraagstuk van samewerking in die afgelede tyd ontwikkel het, is daar 'n merkbare verandering te bespeur in die amptelike houding van die party teenoor ander nasionale groepe met die wie die H.N.P.-leiding tot kort gelede nog niks te doen wou gehad het nie.

Die jongste uitgawe van Die Kruithoring, die mees amptelike orgaan van die H.N.P., bevat 'n hoofartikel waarin afgesien word van die ou standpunt dat die H.N.P. „die enigste erkende politieke strydsmag van die Afrikanervolk is”, soos mnr. Eric Louw nog 'n paar weke gelede verklaar het. Hy is nou, volgens die artikel, bereid om die ander nasionale organisasies as die buite-parlementêre front te erken en te ondersteun.

Die blad verklaar: „Ons eerste stelling kan dus uitgebrei word tot die volgende: „Daar kan nie 'n algehele eenheid van beginsel wees tussen die Parlementêre front en die buite-Parlementêre

front nie, maar daar kan wel 'n wedersydse ondersteuning wees deurdat die buite-Parlementêre front die Parlementêre front help om aan die bewind te kom, en dat die Parlementêre front, nadat hy aan bewind is, weer op sy beurt, binne die perke van die landswet, gebruik maak van die aktiewe en morele steun van die buite-Parlementêre front om die kommunisme te beveg en Suid-Afrika blank te hou. So iets klink vir ons billik”. Aldus die blad.

NIE VER GENOEG

Hierdie stelling is 'n skerpe afwyking van die standpunt van mnr. Louw en J. G. Strydom wat tot kort gelede nog verkondig het dat daar geen samewerking met 'n organisasie kan wees wat nie op dieselfde beginselgrondslag as die H.N.P. staan nie. Die verandering is verblydend, hoewel hy ongelukkig nog nie ver genoeg gaan nie, want in daaropvolgende paragrafe word verklaar dat die H.N.P. geen vinger gaan verroer om die eenheid „werkstellig te kry nie. Hy moet alleen gelaat word om sy eie parlementêre eenheid te bewerkstellig deur die „onvoorwaardelike oorkoms” van lede uit ander organisasies.

„Ons stel net belang in die gesamentlike ondersteuning van die H.N.P. deur die buite-parlementêre front, en die wedersydse belangstelling van die Nasionale Regering van die toekoms teenoor daardie front.”

EERS NA VERKIESING

Hieruit spreek dit duidelik dat die H.N.P., indien die artikel 'n weergawe van die amptelike standpunt is, bereid is om in hierdie stadium die bestaan van 'n buite-parlementêre front in beginsel te erken, maar nog nie in die praktyk nie. Hy sal hom eers in die toekoms, nadat hy aan bewind gekom het, in die praktyk erken en van sy hulp „gebruik maak.” By 'n verkiesing vóór daardie tyd, sal hy nie amptelik gebruik maak van sy hulp nie, maar sal hom sulke hulp laat welgeval sonder erkenning.

Die standpunt van die Ossewabrandwag is dat daar geen kontrak gesluit moet word om samewerking te verkry nie. Al wat nodig is, is dat ons mekaar se hulp moet erken deur 'n gesamentlike front te sluit met behoud van eie identiteit. Ons moet net veg as bondgenote — nie net ná die verkiesing, soos die H.N.P. blykbaar nog wil nie, maar ook vóór die verkiesing, omdat so 'n samewerking die enigste waarborg vir 'n oorwinning is. En daarvoor vra die O.B. geen enkele setel nie.

VERJAARDAGKETTING

- 4 JULIE: Esther du Toit, Paarl; Boet Vorster, Kimberley; Johanna Niehaus, Wellington; Jannie Botha, Bethlehem; Louisa Rall, Utrecht; Maria Prinsloo, Koster; Hermanus Pretorius, Brits; Jacobus Pretorius, P.K. Koedoeskop; Dirkie van Wyk, P.K. Molinoel; Ruth Prinsloo, Pos Sauspoort.
- 5 JULIE: Daniel Brink, Sutherland; Lamon Muller, Humansdorp; Cornelia van Rensburg, Eppingindorp; J. Preiss Carinus, Lyndoch; Hilda Reinke, Bellville; Roelof Erasmus, Rawsonville; Hester du Toit, Rawsonville; Cathrina van Vuuren, Magalieskraal; Daniel van Wyk, P.K. Pandrif.
- 6 JULIE: Louis Kruger, Marquard; Michael Heine, Franfort; Mias Pretorius, Frankfort; Dirkie du Preez, P.K. Steenbokfontein; Hendrik Jacobs, P.K. Amalia.
- 7 JULIE: Maria Hugo, Tervet; Beyers Theron, Strand; Deone van der Merwe, Bellville; Adriaan Fourie, Observatory; Magdalena Malan, P.K. Magalieskraal.
- 8 JULIE: Kowie Lombard, Agterpaarl; Yvonne du Toit, Observatory; Paul Latsky, Carnarvon; Maria Schoeman, Claremont; Berendina Rautenbach, Cedarville; Jacobus Bester, Mulmebury; Magdalena Kapp, P.K. Glensoy.

Toets U Algemene Kennis

V.

1. Waarvoor staan UNRRA en wie is sy nuwe Direkteur-Generaal?
2. Waarvoor was en is die volgende persone bekend: Johannes van der Walt; Dennis Shore; Bobby Locke?
3. Wat is die B.V.V. en waar is sy setel?
4. Vir watter ontdekking in die mediese wereld het Dr. Flemming wereldberoemdheid verwerf?
5. Wat beoog die huidige Indiërwet?
6. Wie is die Staatshoofde van Spanje en Portugal?
7. Wanneer was die Slag van Amajuba gelewer?
8. Waar en in watter jaar was die laaste Olimpiese Spele gehou?
9. Wat is die omtrek van die aarde op die ewenaar?
10. Hoeveel verteenwoordigers is daar in die Unie-Volksraad?

ANTWOORDE: TOETS IV.

1. Ja.
2. Kaapstad — Wetgewende hoofstad; Pretoria — Administratiewe hoofstad; Bloemfontein — Regterlike hoofstad.
3. Afrikanerbees.
4. Krag — beste trekos of ook weerstand teen siektes of goeie slagdier.
5. Johannesburg en Kimberley.
6. Burgemeester.
7. 'n Vink, spreek, katlagter, bosluusvoel en blou reier lê almal blou eiers. 'n Mossie, kwikkie, swawel, Kaapse kanarie en arend lê gespikkelde eiers. 'n Duif, hamerkop, uil, rooibekkie en aasvoël lê wit eiers.
8. Stadsmerk of gesondheidsbeempte.
9. Onkruidsoorte: Boetebos, dagga, lusern-dodder, die Hakea-onkruid, luisboom, speerdissel, water-hiasint. Dieresiektes: Miltsekte, hondsdoelheid, rooiwater, hartwater, mond-en-klouser, knopvelsiekte, brandsekte.
10. 'n Geboorte moet binne 7 dae en 'n sterfgeval binne 24 uur geregistreer word, maar in die distrik is die tydperk in albei gevalle 30 dae.

DIE Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van Woensdag, 17 Julie 1946

JEUGSENTRUMS

Die Boerejeug word so stadigaan daaraan gewoon om in die afsondering en eensaamheid saam te kom en hulle werk te verrig. 'n Enkele keer tree hulle wel in die publiek op, bv. wanneer hulle aan 'n optog deelneem of dit regkry om 'n byeenkoms in hulle stad of dorp te reël. Maar dit is nog die uitsondering. As reël trek hulle érens in die veld of op 'n plaas laer, vir 'n naweek of langer.

LAERTREKKE

So 'n laer, weg van die stad of dorp, het sy voordele. 'n Afrikaner hou nou eenmaal baie van die buitelig en die veld. Seuns en dogters wat baie ure op die skoolbanke moet deurbring, verwelkom die afwisseling wat die uitstapppie bring. Ons sal dan ook seker nooit van sulke laertrekke afsien nie; intendeel wil ons hiewer ons bes doen om hulle altyd beter te organiseer en meermaal te hou.

Daarby kan ons dit egter nie laat nie. Uit die aard van die saak neem 'n laertrek heelwat tyd in beslag, en daardie tyd het ons nie altyd tot ons beskikking nie. Soms gaan daar weke om waarin ons seuns of dogters net maar 'n uurtjie nou en dan aan hul Boerejeugbelange kan wy. En dan is daar behoefte aan 'n geskikte plek van samekoms. Waar dan heen? Skoolsale mag ons nie gebruik nie, kerksale is vir ons gesluit. Stadsale staan vir Jan Rap en sy maat oop, maar hulle deure staan toe sodra die Ossewabrandwag of sy Boerejeug ook 'n keer daar wil vergader. Geen wonder dat ons die skuilhoekies opsoek nie. Dit laat 'n mens dink aan die eerste Christengemeentes van die outyd wat hulle byeenkomste in grafkelders, tunnels en spelonke moes hou.

ONS EIE

In baie dorpe is daar 'n werklike tekort aan geskikte sale. Hoeveel Afrikaanse verenigings en organisasies ly nie gedugskade deur hierdie gebrek aan 'n behoorlike vergaderplek nie? Maar al sou ons aanneem dat so 'n saal bestaan en dat die Boerejeug saam met ander liggame daarvan gebruik kan maak, dan nog sou die toestand nie ten volle bevredigend wees nie. Want kyk, die Boerejeug wil nie net 'n plek hê waar hulle af en toe gaan gesels nie; hulle het behoefte aan 'n plek waar hulle gaan werk, gaan ontspan en gaan rus. Hulle kom 'n plek kort waar hulle

(onder toesig) regeer en reël. Kortom, hulle moet 'n eie plek hê, somer hier midde-in die dorp. Tuis regeer Pa en Ma, in die skool regeer Meester, in die kerk Dominee en die kerkraad. En op die regbank die Magistraat. En nêrens is daar 'n koninkryk, of hiewer 'n republiek van die Jeug vir die Jeug nie. In een woord elke dorp of stad moet sy Jeugsentrum hê en daar moet die Boerejeug baas wees. Daaroor praat ons volgende keer verder.

Nuus Van Hoof-Kwartier

Jeugkommdte. A. C. Gericke wat haar eersdaags in die huwelik gaan begewe, het einde Mei ons kantoor en diens verlaat. Haar plek is nog nie weer gevul nie.

Die Stafhoof, Jeugkommdt. P. J. Taljaard het 'n uitgebreide Organisasie-reis deur Gebied C en F afgeleë. Hy hoop om mettertyd al die Gebiede so deur te gaan. Hierdie organisasiewerk is baie nodig en nuttig.

Die Jeugleier en die Stafhoof het onlangs 'n byeenkoms van die Kommandante(s) van Gebied F te Pretoria bygewoon. Belangrike sake is bespreek.

Die Jeughoofkommandant van Gebied E en Jeugkommdt. F. de la R. Henning van Johannesburg is besig met 'n grootse onderneming in belang van die Boerejeug van hulle Gebied. Wat dit is, sal wel later duidelik word.

Die Jeugleier hoop om die Jeuglaer van Gebied A in eersvolgende Desember by te woon, en ook 'n besoek te bring aan die laertrek van Gebied C gedurende September.

BEELDSKRIF

Hier volg 'n voorbeeld, maar u ken natuurlik van enige van die vorige tekens gebruik maak of self ander uitdink.

In die 1) ☀ 2) ~ 3) ✨ 4) ✨
 maar in die 5) ○ as die lug 6) ☁ is of dit
 7) ☔ 8) ☔ bly 9) ✨ 10) ☔ en
 11) ☔ 12) ☔ aan 13) ✨

Hierdie brief sal lees: In die (1) somer (2) swem (3) ek (4) vinnig, maar in die (5) winter as die lug (6) bewolk is of dit (7) reën, (8) donder en blits, bly (9) ek (10) tuis en (11) skryf (12) briewe aan (13) jou.

Ons Roep Alle Kosgangers!

Boerejeughoofkwartier wil graag in aanraking kom met skoliere en studente wat gedurende skoolkwartale in koshuise loseer waar daar nie 'n eenheid van die Boerejeug bestaan nie en wat gretig is om inligting in verband met die Boerejeug, bv. laertrekkings, byeenkomste, ens. te ontvang.

Ook wil ons graag verneem van kinders wat op dorpe woon waar daar nie 'n eenheid van die Boerejeug bestaan nie en wat in die bedrywighede van die Boerejeug belangstel.

Sulke persone moet asseblief dadelik hulle volle name, geboortedatums, huisadres en skool/koshuisadres aan Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom, stuur op ontvangs waarvan verder met hulle in verbinding getree sal word.

Ouers wat wil hê dat hulle kinders by die Boerejeug ingeskatel moet word, word ook versoek om asseblief bostaande inligting te verstrek.

Prys vir £100

Jgkommdt. J. H. Wessels van Vryburg berig:

Op 28 Junie was genl. P. J. Grobbelaar en hskommdt. P. J. Taljaard op Vryburg om 'n Offisiërsvergadering toe te spreek. Met die geleentheid het hoofkommdt. Taljaard 'n klein bakkie uit hout vervaardig aan my oorhandig. Dit was die geskenk aan die Boerejeug van Vryburg vir die £100 wat hulle verlede jaar ingesamel het vir die Noodhulpfonds.

Namens die Boerejeug van Vryburg wil ek die skenkers van die bakkie baie hartlik bedank. Dit is 'n pragtige stukkie werk, en op die plaatjie staan die woorde: „Aan Vryburgse Boerejeug”. Bo die wapen en binne die wiel: „Vir Noodhulpfondsbydrae. Bakkie vervaardig in Koffiefontein Interneringskamp en geskenk deur hoofgeneraal C. L. de Jager. Plaatjie geskenk deur 'n oud-geïnterneerde.”

Ons kan alle geïnterneerdes die versekering gee dat dit vir ons 'n eer was om ons bydraes te doen, en om ons broeders te versorg. Mag hierdie blykie van waardering 'n aansporing wees, nie net vir die Boerejeug van Vryburg nie, maar ook vir die Boerejeug dwarsdeur die land, om hul plig teenoor hulle mede-Afrikaner te doen en sodoende 'n lig op die Pad van Suid-Afrika te wees!

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERE en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE
 (Edms.) Beperk
 MOREMARK (Postbus 7188) NOWTOWN

A.V.B.O.B

Lykboorgers, Grafotoemakers, Begrafnisverskerners

Bloemfontein — Pretoria
 180 Takke


Boerejeug Trek Laer

GEBIED A

Getrou aan sy gewoonte om van elke geleentheid wat hom bied vir die opleiding van sy lede gebruik te maak, is daar

deur die Jeughoofkommandant waargeneem.

Hoewel dit hierdie afdeling se eerste laertrek was, is hulle vol moed en hoop om volgende keer 'n baie groter laertrek te hou.



Kosie en Sarie besig om te oefen vir vlaghysing tydens die laertrek op Rietvlei.

gedurende die naweek 30 Mei weer dwarsdeur die land Boerejeuglaertrekke gehou.

Die Boerejeug van die Montagu-afdeling het die voorreg gehad om laer te kon slaan op die natuurskone plaas Rietvlei, die eiendom van komdt. Dawid Joubert.

Nadat die terrein vir die duur van die laer deur die eienaar aan die Boerejeug oorhandig is, is dadelik met werk weggespring. Spesiale melding moet gemaak word van klein Sarie en Kosie Kühn, onderskeidelik ag en nege jaar oud, wat saam met die groter seuns en dogters al die opleiding deurgemaak het.

Vrydagmiddag het die A.K.G. die laer besoek. Die aand het die Boerejeug met aandag geluister na die besielende praatjie van genl. J. A. Smith. Die A.K.G. het sy vyftiende verjaardag tydens die Engelse oorlog nie ver van Rietvlei gevier nie. Hy het in sy praatjie gewag gemaak van die jeugdige leiers van daardie oorlog — leiers wat vir ons as inspirasie dien.

Saterdagoggend is 'n praktiese demonstrasie van landsdiens gegee toe komdt. Joubert die laergangers na 'n deel van sy plaas geneem het waar hy besig was om 'n damwal te verwyder. 'n Lesing oor die regte manier om persekbome te snoei is ook deur die plaaseienaar gegee. Ook is spesiale aandag aan spoorsny gegee.

GEBIED D

Berig is ontvang van 'n baie suksesvolle laertrek wat gedurende die langnaweek deur die Boerejeug van Generaalskap D2 (Natal) op die plaas van genl. Cadle gehou is.

Veral die Boerekleingoed wat goed verteenwoordig was het dit baie geniet.

Die kampvuur was een van die items op die dagprogram waarna die Jeug die meeste uitgesien het, want hier kon hulle na die dag se werk grappies wissel en Afrikaanse liederesing. Jeugkommandant Nel het 'n baie interessante lesing oor „Waarom is ek 'n O.B.-lid” behandel. Ook is nuttige wenkies deur jeugkommdt. Swanepoel aan die dogters omtrent die maak en insameling van geld vir O.B.-dag gegee.

Jeughoofkommdt. I. M. van Rooyen en komdt. Mentz het 'n besoek aan die laer gebring, by watter geleentheid 'n pragtige erewag deur die seuns en dogters opgestel is. Die inlywingsplegtigheid van offisiere en lede is ook by hierdie geleentheid

BRIEF NR. I

Boere-seuns en -dogters,

Ek wil probeer om in vervolg vir elke uitgawe van ons blad 'n kort briefie aan julle te skrywe. Daarin wil ek met julle gesels oor ons volk, ons land, ons beweging, onself. Ja, oor enigiets wat vir ons van belang is. En as daar van julle is wat op my brief wil antwoord, dan sal ek dit natuurlik op prys stel, maar julle hoef nie as julle nie wil nie.

Vandag wil ek praat oor die woordjie „ek” en „myne”. Die woordjies wat ons baie vroeg leer ken; nie waar nie? En baie gebruik. Kyk maar net hoeveel keer ek al „ek” gesê het in die paar sinne wat hier al staan! O ja, die „ek” en „myne” is klein woordjies met groot betekenis, altans vir my. Die baba wat van „ek” praat, weet al dat hy of sy 'n persoon is en wil al dat die res van die wêreld met daardie persoon moet rekening hou. En „myne”, my goed, daarvan moet julle afbly hoor! So leer elke mens al van jongs af om homself en sy besitting te handhaaf, te verdedig en te laat geld waar dit kan. 'n Mens se eie lewe is vir hom dierbaar. Niemand stel homself of sy goedjies graag in gevaar nie. Iemand wat dit sonder goeie rede doen, beskou ons as 'n onverskillige of 'n dwaas.


Dis reg. Die Here het aan elkeen van ons 'n lewe geskenk om te beskerm en te bewaar. Hy het aan elkeen gawes en talente gegee om te ontwikkel en te gebruik, om in eie behoeftes te voorsien. Hy gee ons die besit van stoflike en geestelike goedere. Elke mens, hoe jonk of nederig ook, is 'n „ek” en het die reg, ja die plig, om sy man te staan. Elkeen het die reg om te sê: dis myne, bly af daarvan. Daarom, Boere-seun en Boeredogter, wees fier en regop in julle houding, kyk enigeen vierkantig in die oë. Sê: ek praat my taal; sê dit nie alleen nie, doen dit. As Afrikaner het julle niks om julle voor te skaam nie.

DIE JEUGLEIER.

Ander berigte vir
DIE BOEREJEUG
 verskyn op bladsy ses

ONDERSTEUN ONS BLAD

Tweemaal so Vinnig as Klank



In sy hande hou die Britse direkteur-generaal van wetenskaplike navorsing 'n model van 'n toekomstige vliegtuig wat na verwag word 'n snelheid van 1,700 myl per uur sal bereik — tweemaal so vinnig as klank. Die navorsing word gedoen met behulp van Duitse wetenskaplikes wat tydens die oorlog al vliegtuie ontwerp het wat met 'n verbasende snelheid deur die lug getrek het.

Rusland Berei Voor op Oorlog Binne Tien Jaar

„Die Russiese aggressiewe beleid spruit nie voort uit wantroue soos hulle probeer voorgee nie, maar uit 'n intense begeerte vir, en geloof in uitbreiding. Hulle sien nou kans om uit te brei sonder om oorlog te maak. Hulle glo dat die Angel-Saksers magteloos is en dat as hulle iets begeer, hulle dit sal kry. Die toegewings van die Angel-Saksers aan Rusland beteken oorlog binne tien jaar, indien nie eerder nie.” skryf Kenneth de Courcy in sy „Overseas Intelligence Digest”.

Dit is nie Stalin en Molotov wat die finale stoot in die uitbreidingsplanne sal gee nie. Hulle is maar net mondstukke van 'n aggressiewe groep binne die Politieke Buro, verklaar die blad. Die fisiese krag van die Angel-Saksers is meer as die van die Russe en daar is geen rede waarom hulle so 'n swak buitelandse beleid moet volg nie.

NOG NIE GEREED

'n Groot deel van die Russiese nywerhede is nog geruïneer. Sy industriële bronne is nou nog in die Uralgebergte. Geen leer kan suksesvol optree as sy voorrade so ver vanuit die binneland vervoer moet word nie. Die Russe word verder in die wiele gery deur groepe in die Ooste van Europa. Hoewel hierdie mense onderdruk en min in getal is, is hulle doeltreffend en gevaarlik. Gedurende 'n oorlog sal hulle getalle toeneem.

Die Angel-Saksers aan die ander kant het baie meer industriële bronne, 'n baie hoër moraal, 'n sterker seemag en

'n lugmag wat definitief beter is as dié van die Russe. En om alles te kroon het hulle die atoombom.

BINNE TWEE JAAR

Binne twee of drie jaar sal die toestand baie verander het, verklaar die blad. Rusland sal herstel en alles in sy mag doen om sy westelike industrie te herbou. Hy is besig om groot leërs op te lei. Hy sal in staat wees om 'n groot deel van die atoomkennis te bekom, indien nie alles nie. Hy sal elke anti-Sowjet-organisasie en persoon wat binne sy bereik is, onderdruk. Hy sal in elke land 'n vyfde kolonne stig. Dit verklaar die blad, sal die beleid wees van die aggressiewe Politieke Buro indien die Angel-Saksers nie optree nie.

Die blad noem verskillende voorbeelde waar die Angel-Saksers dwaas gehandel het. Ten spyte van die feit dat die internasionale toestand gevaarliker is as ooit te vore, het Amerika sy inligtingsdiens tot 'n minimum beperk, in plaas van om dit op te bou.

BANG

Sowel Amerika as Engeland is bang om die Russiese annekasie van die Balkan-lande te veroordeel. Dit was 'n daad van aggressie en het gepaard gegaan met hardhandige optrede. Engeland het toegegee aan die Russiese eise in Pole, 'n land teenoor wie hulle trou gesweer het. Die Angel-Saksers het geprotesteer teen die ystergordyn, maar het niks gesê oor die oprigting van Russiese vliegveld in Hongarye nie.

Rusland het die Angel-Saksers in Persië heeltemal uittoerlê. Die Russe het sirkels rondom hulle getrek en homself stadig maar seker in Persië ingegrawe.

DUITSE OFFISIERE

Die terugtrekking van die Britse troepe uit Egipte word deur die blad as 'n ander voorbeeld van dwase optrede genoem. Kaïro het die hoofkwartier van die Russe in Noord-Afrika geword.

Werklose Duitse offisiere in die Britse besettingsgebied gaan steeds oor na die Russe. Die Russe het aan hulle hoë militêre range aangebied. Die Russe is toegelaat om te protesteer teen die oprigting van 'n geheime leer in die Britse gebied van Duitsland, wat onwaar is. Dog die Angel-Saksers het geen woord gerep teen die feit dat die Russe die Duitse offisiere aanspoor om betrekings in die Russiese leer te aanvaar nie.

Al die moeilikhede wat Nederland in die Oos-Indiese eilande gehad het, is te danke aan Russiese agente, verklaar die blad. Die Russiese sending na Den Haag het ten gevolge gehad dat daar tien miljoen gulde in Holland vrygestel is vir Russiese propaganda.

„Grotes” Kompeteer Met Duitse Uitvindsels

Danksy die hulp en tegniese uitvindings van Duitse wetenskaplikes kon die Russe en Engelse verlede week aankondig dat hulle vliegtuie ontwerp het wat onderskeidelik 670 en 800 myl per uur bereik.

Die Britse regering het onlangs aangekondig dat hulle sonder die hulp van die Duitse wetenskaplikes nie sou kon tred hou met die uitvindings en vordering op wetenskaplike gebied nie.

Die Russe maak daarop aanspraak dat hulle met die hulp van Duitse wetenskaplikes 'n vliegtuig ontwerp het wat 670 myl per uur bereik. Hierdie vliegtuie is gemaak in die vroeëre Junkerfabriek in Dessau, Duitsland. Die masjiene van hierdie vliegtuie is dié wat die Duitsers in die laaste dae

van die oorlog ontwerp het.

Inmiddels is aangekondig dat Amerika 'n hoogterekord geslaan het met 'n Duitse V-2 wat 83½ myl die lug ingegaan het teen 'n snelheid van 3,500 myl per uur, terwyl uit Swede berig word dat die Russe in die Oossee ook besig is met proefnemings met vlieënde bomme en V-2's.

Dit is bekend hoe die drie Grotes soveel Duitse wetenskaplikes as moontlik ontvoer het na die oorgawe van Duitsland.

BOLSJEWISTE VERBAN LAASTE BISKOP

Die enigste Katolieke biskop wat nog van die Bisantyns-Slowakiese kerk in die Russiese-beheerde gebied oorgebly het, is na 'n onbekende bestemming gedeporteer, skryf die katolieke blad Southern Cross.

Die blad verklaar dat die vryheid van hierdie biskop reeds lank aan bande gelê was. Die Russe het beslag gelê op die katedraal waarin hy gearbei het, en ook op die opleidingsinrigting en sy huis. Dit het ook bekend geword, skryf die blad, dat een van die weinige domhere wat nog in hierdie gebied oorgebly het, in een van die Russiese tronke oorlede is.

Russe Voer Kos Uit Duitsland

Die Britse minister van buitelandse sake, Ernest Bevin, het verlede week op die konferensie van ministers van buitelandse sake wat in Parys vergader, die Russe daarvan beskuldig dat hulle in weerwil van die bepalinge van die Potsdam-Konferensie surplusvoorrade uit hul besettingsgebied na Rusland verwyder het. Hy het die Russe verder daarvan beskuldig dat hulle weier om ooreen te kom oor 'n gemeenskaplike program van in- en uitvoer vir die hele Duitsland.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk. Stellenbosch vir die elenars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk. Grootte Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.



Hierdie tekening verskyn op die omslag van die tweede uitgawe in die Pro Ecclesia-Biblioteek: „SKOORSOEK,” deur Danie Stegman, wat in September sal verskyn. VRA OM BESONDERHEDE

• NUWE ROMANS

	Posvry
K. v. d. Heever: Wat Baat Dit Die Mens?	8/6
R. Hendriks: Ek is Antoinette Duke	8/6
T. du Toit: Die Bolander	9/3
A. Coetzee: Aan die End van die Soom	9/-
J. R. L. van Bruggen: Erfgename	8/6
Gert Fourie: Die Prys van 'n Belofte	8/-
M. S. van Rooyen: Hande wat Geneees	8/6
J. J. Brits: Glans van die Reënboog	7/3
J. H. Naude: Carnio Cate	9/6

• NOU GEREED

'n Lys van Romans wat gedurende die laaste paar jaar verskyn het sal op aanvraag gestuur word.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

POSBUS 29

STELLENBOSCH

Brittanje Kry Lening Ten Koste van Sy Ryksvoorkeur

Die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers het na 'n sesdaagse debat 'n lening van £937,500,000 aan Brittanje met 219 teen 155 stemme goedgekeur, na Sapa-Reuter berig. Die Amerikaanse senaat het dit reeds sewe maande gelede aanbeveel. Dit word nou aan pres. Truman voorgelê vir onderteke-

ning. Die lening sal in vyftig jaarlikse paaïement betaal word beginnende in 1951. Die rente bedra 2 persent per jaar.

Volgens die voorwaardes van die lening onderneem Engeland o.a. om hom vir 'n beleid te beywer wat voorkeurtariewe sal uitskakel soos b.v. ryksvoorkeur.